



OCKIE VERMEULEN studeer aan die Universiteit van Pretoria onder prof. Wim Viljoen en ontvang die BMus-graad, Diploma in Kerkmusiek, Lisensiaat vir Kerkkorreliste en Voordraerslisensiaat – alles met lof. Nadat hy 'n Fulbrightbeurs ontvang, voltooi hy sy MMus (orrel) aan die University of North Texas onder leiding van dr. Jesse Eschbach. Hy is 'n aktiewe konsertorrelis met verskeie CD's agter sy naam en is tans besig met sy doktorsgraad in orrel aan die Universiteit van Pretoria. Hy gee vakmusiek by Pretoria Boys High, is kurator van UNISA se Rieger-orrel en is dié universiteit, asook die NG Gemeente Pretoria-Oos, se orrelis.

ESTETIESE DENKE IN DIE GEREFORMEERDE EREDIENS

OCKIE VERMEULEN

Departement Musiek, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria

ABSTRACT

The role of the arts in worship has been neglected in the reformed tradition in South Africa. It is an interesting phenomenon that researchers and theologians alike are once again becoming aware of the important relationship that exists between aesthetics and theology, as it has always been, according to church history. This article investigates different opinions on aesthetics in the reformed worship service and argues that it is a valuable tool that must be used in the process of responsible renewal of the worship service.

Die kerk het deur die eeue dikwels 'n stormagtige verhouding met die kunste gehad. Cilliers (2007:5) en McKee (2003:12-13) verwys na voorbeelde waar kerkkuns by tye met vrug aangewend is (byvoorbeeld die werk van Michelangelo vir die Vatikaan), en ander kere met agterdog bejeën en selfs uit die kerk verdryf is (vergelyk die beeldstormery, asook Zwingli se verbanning van alle kuns en musiek uit die erediens).

In eietydse navorsing wys teoloë en kunstenaars toenemend op die verband tussen teologie en kuns. Gedurende die afgelope twee dekades is estetika al hoe meer herontdek en gewaardeer vir die sinvolle bydrae wat dit tot die erediens kan lewer (Cilliers, 2007:34). Estetika word deur Van Blerk (1994:106) beskryf as die “filosofie van die bestudering van die skone”, en musiekestetika as die “studie van die verhouding van die skone in musiek tot die menslike sintuie en die intellek”.

Grové (2006:26-27) is daarvan oortuig dat kerkmusiek oor 'n estetiese gehalte moet beskik, veral in 'n tyd wanneer die kerk haar by 'n kruispad rakende musiekbediening bevind. Wanneer hy verwys na “estetika”, is hy baie duidelik oor die gebruik daarvan:

Wanneer die artistieke/estetiese binne die erediens beklemtoon word, beteken dit nie dat die sekulêre ideaal van die kunswerk as 'n doel op sigself nagejaag word nie, maar dat die inwonende orde, balans en samehorigheid kenmerkend van die geïnspireerde kunswerk ook vir die kreatiewe vernuwing van die liturgie as geheel werksaam sal wees.

Aan hierdie veelseggende stelling sal meer aandag geskenk word in die loop van hierdie artikel wat juis ten doel het om verskillende standpunte oor estetika in die Afrikaanse gereformeerde erediens te ondersoek.¹

KONSENSUS OOR DIE NUT VAN ESTETIKA IN DIE EREDIENS

W.M.L. Strydom wys daarop dat daar 'n wanpersepsie oor estetika bestaan. Alhoewel sommige filosowe van mening is dat estetika alles met die kunste te doen het en geen nut vir die erediensganger of erediens inhou nie, meen hy dat dit glad nie die waarheid is nie en dat die kerk estetiese beginsels in die erediens kan en moet gebruik. (Strydom, 1994:227-228.)

Die belangrike insette wat kuns in die erediens kan lewer, word in etlike publikasies deur Kloppers beredeneer. Volgens haar moet 'n verskeidenheid kunsvorme (argitektuur, musiek, retoriek, visuele kuns) gebruik word om die volledige sintuie van die erediensganger aan te spreek (2003a:80).

Janse van Rensburg merk op dat estetika behulpsaam kan wees in die strewe na liturgiese vernuwing in die hedendaagse erediens (2006a:547):

In die resente tyd het daar in die Suid-Afrikaanse teologie al hoe meer belangstelling in die estetika ontwikkel. In vele opsigte verteenwoordig dit 'n refleksie op besinning wat in Europa al geruime tyd aan die gang is. Hierdie besinning is verblydend en belangrik omdat dit gelees moet word teen die agtergrond van die debat oor liturgiese vernuwing in die algemeen en die benutting van kuns in die liturgie in die besonder.

Oor estetiese denke in die Afrikaanse gereformeerde tradisie is al by herhaling besin deur Cilliers, 'n bewese leiersfiguur op hierdie gebied. Hy wys daarop dat daar 'n ryk geskiedenis bestaan oor die verband tussen estetiese denke en die kerk. Op kritieke tye in die kerk se geskiedenis het denkers na vore getree wat die waarde van estetika besef het, en die kerk self was deur die eeue ook bekend as beskermheer van die kunste. (Cilliers, 2007:2, 16.)

By al vier bogenoemde navorsers (Strydom, Janse van Rensburg, Kloppers en Cilliers) bestaan daar dus konsensus dat estetiese beginsels met vrug in die erediens aangewend kan word. Om dit egter doeltreffend te kan verrig, vereis verdere ondersoek en navorsing oor die onderwerp.

OMSKRYWINGS VAN ESTETIKA

Verskillende tipes estetika is in die erediens te vinde (Strydom, 1994:228):

Daar kan ... gepraat word van 'n liturgiese estetika. Die erediens moet in al sy fasette esteties verantwoord bedink, ingeklee en gehanteer word, omdat dit in 'n bepaalde sin 'n kunsvorm is – as totaalgebeure, maar ook in al sy dele. Spesifiek die liturgiese musiek mag nooit anders bedink en beoefen word nie as vanuit die benadering dat dit 'n eiessoortige kunsvorm is.

Hy definieer himnologiese estetika as die estetika van eredienssang en -musiek. Laasgenoemde is as 't ware 'n onderafdeling van liturgiese estetika wat weer in die breër ruim van Christelike lewensestetika funksioneer. (Strydom, 1994:228.)

Janse van Rensburg (2006a:550-553) spits hom toe op die bespreking van vier tipes teologiese estetika wat vir die doeleindes van hierdie artikel vervolgens slegs kortliks opgesom word aangesien elke tipe stof bied vir 'n selfstandige artikel.

Hermeneutiese estetika

Kuns as hermeneutiese kommentaar op die samelewing mag nie net negatief en afbrekend wees nie, maar moet "bowedal die oog laat val op die skoonheid van die skepping en die verhouding tussen die skepping en die Skepper" (Janse van Rensburg, 2006a:550).

In hierdie verband geld die volgende riglyne (Janse van Rensburg, 2006a:550):

- Estetika is 'n interpretasie van 'n kunswerk wat op sy beurt 'n interpretasie van die werklikheid is.
- Die kunstenaar het 'n taak om positiewe en negatiewe kommentaar op die samelewing te lewer.
- Estetika en etiek staan in noue verband.

Ekologiese estetika

'n Opvatting bestaan onder sommige teoloë dat die aarde aan die mens toevertrou is en dat dit sy taak is om die instandhouding daarvan te verseker. Tog meen die meeste teoloë dat dit God is wat sy skepping in stand hou en daarom moet ekologiese estetika met besondere omsigtigheid toegepas word. Wonder oor die skoonheid van die skepping kan met vrug in erediens toegepas word om lof aan die Skepper te bring. Hierdie estetiese waarneming van die erediensganger oor die skepping lei tot opregte lofuitinge en besef van afhanklikheid. Hierdie tipe estetika mag egter nooit die weg baan vir 'n nuwe vorm van natuur-teologie waarin die natuur as entiteit aanbid word nie. (Janse van Rensburg, 2006a:551.)

Resepsie-estetika

Die prediking word as 'n kunsvorm beskou. Die doel daarvan is om 'n teks só uit te lê dat die hoorder (reseptor) by die skoonheid daarvan betrek word. Die prediker moet verantwoordelik met die teks omgaan, maar sy eie verwysingsraamwerk en ervaring werk kreatief op die teks in. Die gevaar bestaan dat teologie en aanbidding van estetika afhanklik gemaak word, terwyl die teenoorgestelde eintlik geld (Janse van Rensburg, 2006a:551-552).

Liturgiese estetika

In sy bespreking van liturgiese estetika – die skoonheid van erediensordening – sluit Janse van Rensburg (2006a:553) aan by Kloppers (2003a:80-88) se pleidooi vir die erediens as 'n omvattende kunswerk. Laasgenoemde verkies die term *Gesamtkunswerk* wanneer sy nadink oor estetika in die erediens (Kloppers, 2003a:84). Wagner gebruik die term *Gesamtkunswerk* om 'n dramatiese kunswerk te beskryf wat drama, musiek, poësie en visuele kunswerke saamsnoer tot 'n selfstandige nuwe kunswerk (Kennedy, 1996:283). Kloppers pleit vir 'n *Gesamtkunswerk*-benadering tot die erediens en beskou die lukrake en ondeurdagte gebruik van kuns en sogenaamde *art clips* (veral met die gebruik van die moderne tegnologie soos dataprojektors), as ongepas. Sy spreek haar uit ten gunste van "*Leitmotive* – eenheidstemas waardeur sentrum en 'n hegte struktuur verkry kan word – en die benutting van alle kunsvorme, asook die (kuns) vermoëns of gawes van alle lidmate, sodat die evangelie in haar volle omvang sinvol en singewend verkondig kan word". (Kloppers, 2003a:84.) Die *Leitmotiv* is 'n verteenwoordigende musiektema wat met 'n spesifieke karakter, idee of emosie geassosieer word en eenheid aan die werk verleen (Kennedy, 1996:418).

Die Romantiese filosoof K.W.F. Solger is ook bewus van hierdie alliansie in die kerkdienste: musiek uitgevoer in die teenwoordigheid van kunswerke; liturgiese handeling in inspirerende argitektoniese omgewings (Bowie s.a.). Aanbidding is vir Steyn (2009:54) 'n kunsvorm, maar hy bring dit in verband met spiritualiteit: aanbidding het te make "met 'n fyn aanvoeling van die estetiese, maar ook die spirituele".

EIENSKAPPE VAN ESTETIKA


Estetika, as omvattende begrip soos van toepassing op die erediens, beskik oor sekere inherente eienskappe (soos geïdentifiseer deur Strydom, Janse van Rensburg en Cilliers):

Estetika is eiesoortig

Daar moet gewaak word teen 'n elitistiese kunsbeskouing. Konsert- en museumkuns word deur die kunskenner of liefhebber van die betrokke kunsvorm esteties waargeneem. Erediens-estetika word egter bepaal deur die aard van God se ontmoeting met sy volk in 'n bepaalde tyd en kultuur. Eredienste kan dus nooit 'n terloopse gebeurtenis wees wat 'n toevallige loop neem nie. Stylvolle eredienste verg toewyding, hartlike spanwerk en bowenal jarelange bou aan die liturgiese lewe van 'n gemeente. (Strydom, 1994:229.)

Estetika moet in 'n groter geheel verstaan word

Klem behoort te val op 'n betrokke gemeente se totale liturgiese lewe wat in vlakke afgeskaal word na die erediens, en dan na die estetiese integriteit van elke liturgiese handeling (Strydom, 1994:230). Figuur 1 stel dit grafies voor:



Figuur 1: Omvattende estetika

Estetika beskik oor 'n mate van subjektiwiteit

Estetika is dikwels 'n grys area waarin die subjektiwiteit van die individu ter sprake is. Selfs kenners op die gebied van 'n bepaalde kunsvorm lewer verskillende estetiese uitsprake oor die betrokke kunsvorm. Dit mag egter nie lei tot 'n beskouing dat die "weg van die minste weerstand" gevolg moet word nie (Strydom, 1994:231-232). Die kerk is geroepe tot gehoorsaamheid, ook op die terrein van estetika. Die volmaakte is nog nie bereik nie en sal in hierdie lewe nie bereik word nie, maar dit mag nie die kerk ontmoedig om daarna te streef nie. In hierdie geval moet die kerk met vrag gebruik maak van leiding en advies van lidmate wat beskik oor 'n estetiese aanvoeling, hetsy deur opleiding of ervaring.

Zich (2009:189-201) is juis geïnteresseerd in die evaluasie van die estetiese. Volgens hom lei elke estetiese proses (die waardering van die skone) tot 'n gevoel van genot by die waarnemer, en kan 'n estetiese waarde dus aan die waarneming toegeskryf word. Hierdie estetiese waarde is egter nie eksak nie en sal verskil van waarnemer tot waarnemer. Dit is ook afhanklik

van die individuele waarnemer se persoonlike groei en karakterontwikkeling. Hierdie estetiese waarde kan dus nie as 'n riglyn vir estetiese evaluasie gebruik word nie. Sekere kunswerke beskik egter oor 'n objektiewe estetiese waarde, soos die *immortal works of art* – byvoorbeeld 'n Shakespeare-drama of Bach-fuga. (Zich, 2009:196-197.) Niemand sal ontken dat hierdie kunswerke deur die eeue aanvaar is as werke met estetiese kwaliteit nie. Dit sal nie noodwendig 'n genotgevoel by ieder en elk aanwakker nie (almal hou nie van Shakespeare of Bach nie), maar dit verminder nie die onbetwisbare en intrinsieke estetiese kwaliteit van hierdie werke nie.

Die gemeenskap speel 'n rol

Die kulturele en sosiale konteks speel 'n rol in die estetiese persepsie van kuns. Daarom kan die blote emosionele uitinge van 'n kunstenaar nie sonder meer as kuns beskou word nie. Die kunstenaar kan nie vir die samelewing goedsmoeds enigiets as kuns aanbied nie. Die gemeenskap se persepsie van kuns en die beperking op die kunstenaar se kunsvryheid, het belangrike implikasies in die liturgiese konteks (Janse van Rensburg, 2006a:549).

Liturgiese waarde

Die liturgiese waarde van kuns is belangrik. 'n Kunswerk mag esteties mooi wees, waardevol in ekonomiese terme en selfs hoogaangeskrewe deur kritici, maar nog steeds nie kwalifiseer vir liturgiese doeleindes nie. Sulke kuns beskik oor min of geen liturgiese waarde (Janse van Rensburg, 2006a:549).

Estetika kan vergelyk word met 'n dans

Cilliers (2007:91-92) gebruik dans as 'n metafoor vir liturgie en estetika en noem ses kenmerke van hierdie “dans”:

- Hierdie “dans” druk beweging en progressie uit en is ritmies, esteties en mooi. Dit versinnebeeld God se bedoeling met die mens en handel oor die estetiese waarneming van God se skoonheid.
- Die “dans” is holisties van aard en druk die mens nie uit as twee entiteite van liggaam en siel nie. Liggaam en siel is twee aspekte van dieselfde entiteit. Die hele menswees word in die liturgie aangespreek.
- Die mens – geskape na God se beeld – word deur die “dans” self kreatief gemaak. Die skeppende mens word ook deur Christus herskep.
- Hierdie “dans” is sakramenteel van aard. Die liturgie dien as raakpunt tussen skepsel en Skepper.
- Dié “dans” is eskatologies. Dit wys heen na die wederkoms en lieflike toekoms sonder einde wat voorlê.
- Aangesien die mens op ander aangewese is, smag hierdie “dans” na gemeenskap.

Liturgie as ‘dans’ met die Drie-Eenheid, openbaar vier beginsels (Cilliers, 2007:93-94):

- Die erediens handel oor aanbidding van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.
- Die erediens is deelnemend en responsories.
- Die geïntegreerde menswees word aangespreek.
- Die apologetiese aard van die liturgie word verreken as beeld van die strydende kerk op aarde. Die kerk vier uiteindelik fees in 'n wêreld wat dreig om haar te vernietig.

ESTETIKA IN DIE EREDIENS

Kloppers wys op eensydige ‘klemtone’ in die kerkgeskiedenis se estetiese denkpatrone wat dikwels tot oorreaksies gelei het (2003a:81-83):

- *Klem op die visuele in die Middeleeue*: Erediensgangers het al hoe meer passief geraak in die laat-Middeleeuse erediens. Die visuele aspek is oorbeklemtoon in die indrukwekkende katedrale, versierde kerkgeboue met oormatige beelde en ander visuele aspekte. Die erediensganger het ’n toeskouer geword.
- *Klem op die ouditiewe tydens die Reformasie*: Luther beywer hom vir ’n wegbeweeg van die Middeleeuse visuele passiwiteit na ’n hoorbare aktiewe deelname aan die erediens wat veral in die gemeentesang gerealiseer word. Volgens hom begin die Heilige Gees sy werking deur die *hoor*, en so kom geloof tot stand.
- *Klem op die kognitiewe ná die Reformasie*: Die gesproke woord as verkondiging word oorbeklemtoon en erediensgangers begin beelde en simbole wantrou.

Daar word gemaak teen ’n liturgie waar klem op een sintuiglike waarnemingsaspek geplaas word (Kloppers, 2003a:83):

Wanneer daar egter ’n versteuring kom tussen die *cognito*, die *audio*, en die *visio*, en die een verwaarloos word, soos in die huidige kerkpraktyk veral ten opsigte van die *visio* gebeur en waar ’n ander oorheers, soos tans ten opsigte van die *cognito* gebeur, kom die geloof self in die gedrang ... Die samehang van *visio*, *cognito* en *audio* as volle medewerkers van die omvattende geloofservaring moet weer deur die teologie ontdek word.

Kuns in die erediens moet by uitstek dien as handelingsvoertuig wat dienend staan teenoor liturgiese aksies, en moet dus liturgies funksioneel wees. Sang kan ’n tipe kunsvorm wees, maar die liturgiese handeling moet onderstreep word, dit moet van só ’n aard wees dat die aandag van die aanbidders nie afgetrek word van die volvoering van liturgiese handeling nie, en dit mag nie die liturgiese handeling bemoeilik of ongemaklik laat nie. (Strydom, 1994:245-246.)

Die hoofmotief van die kunstenaar in die erediens kom ter sprake (Strydom, 1994:248):

Onderliggend aan die skeppingshandeling van elke kunstenaar is daar ... die verwagting dat die gemeenskap sy werk sal gebruik met die doel wat hy, die skepper, voor oë gehad het

Na aanleiding hiervan word vier kuns-kategorieë onderskei (Strydom, 1994:248-249):

- *Elitistiese kuns*: Primêr geskep vir estetiese oorweging en bedoel as kuns vir die puris of kunstenaar.
- *Volkskuns*: “Kuns uit die volk vir die volk” wat beide deur die elite en nie-elite waardeer word.
- *Kommersiële kuns*: Werke van populêre aard, soos advertensiekuns en meeste film-musiek.
- *Massakuns*: Prullkuns of kitsch – uitsluitlik geskep met die doel om massasmaak te bevredig met bemerkbaarheid as enigste norm.

Van al vier kategorieë spreek T.W. Adorno (soos aangehaal deur Bowie s.a.) hom die felste uit teen massakuns. In kapitalistiese lande waar omtrent enigiets as ’n kommoditeit gekoop en verkoop kan word, neig kuns wat oor ’n onmiddellike populêre kwaliteit beskik, om die mark

te domineer, ongeag die inherente kwaliteit daarvan. Kuns of musiek wat geskep word met die uitsluitlike doel om die massamaak te bevredig, kan met agterdog bejeën word. Voorts behoort geen kuns geskep te word met as doel die onmiddellike verstaan daarvan nie.

Liturgiese kuns behoort vanselfsprekend aan die volkskuns-kategorie. Dit staan nooit los van estetiese oorwegings nie, maar word vanuit 'n ander hoek as suiwer elitistiese oorwegings beoordeel. “Waar die estetiese buite rekening gelaat word, kan daar immers van kuns nie meer sprake wees nie” (Strydom, 1994:249-250). Alhoewel liturgiese kuns deel uitmaak van volkskuns, skakel dit nie die funksie van opgeleide kunstenaars uit nie, want liturgiese kuns moet aan bepaalde estetiese norme voldoen.

DIE BELANGRIKHEID VAN ESTETIKA IN DIE EREDIENS

Cilliers (2007:55-78) sonder vyf redes uit hoekom estetika belangrik is vir die gereformeerde liturgie:

Onontkombaarheid

Estetika is 'n uitdrukking van *imago Dei*. Die mens is geskape na die beeld van God en het die gawe van 'n kreatiewe verbeelding ontvang. Die mens kan deur verbeelding en versoening uitdrukking gee aan die kern van God se openbaring: skoonheid, waarheid en goedheid. Mens kan nie estetika ontsnap nie – dit is onontkombaar; ons kan nie sonder kuns lewe nie, want dit is 'n geskenk van God. Die kerk is ook al van die vroegste tye af behep met die kunste: musiek, argitektuur en poëtiese inkledings. (Cilliers, 2007:55, 57.)

Liggaamlikheid

Die mens het nie alleen 'n liggaam nie, maar is ook 'n liggaam. Daar skuil 'n hele teologiese agtergrond agter die konsep van liggaamlikheid: God openbaar Hom aan die mens deur die beliggaming van sy Seun op aarde. Wanneer daar oor liggaamlikheid gepraat word, verwys dit dus na die mens met sy vyf sinne. (Cilliers, 2007:58.) Die gereformeerde tradisie spits hom definitief meer toe op ouditiewe en kognitiewe elemente: die hoor en verstaan van die Skrif. 'n Liturgie moet egter die volledige menswees aanspreek en nie net fokus op enkele sinne nie. (Cilliers, 2007:59-61; Kloppers, 2003a:87.)

Beeldekultuur

Vandag se samelewing is rondom beelde gesentreer: die televisie, gedrukte media, advertensieveldtogte en die filmindustrie noop die mens om inligting in beeldende vorm te verwerk. Alhoewel die postmoderne mens deur beelde omring is, word sy kreatiwiteit ingeperk: sy vermoë om met sy sinne in te neem, word bedreig. Die kerk moet van hierdie kultuur bewus gemaak word en op 'n verantwoordbare manier besin oor die voordeel daarvan vir die liturgie. (Cilliers, 2007:63, 70.)

Neuro-kognitiewe integrasie

Die brein beskik oor agt neurokognitiewe sisteme wat geïntegreerd moet saamwerk vir optimale breinfunksie. Die regterhemisfeer van die brein (wat gemoeid is met beelde en verbeelding) behels die area wat beter in die kommunikasieproses is (wat liturgie en prediking insluit), en benut moet word. Die kuns van prediking lê juis daarin om die totale mens op metaforiese

(beeldende) wyse “oor te dra” na die wêreld van God sodat God “oorgedra” kan word na die menswêreld. (Cilliers, 2007:72-73.)

Die Bybel as beeldeboek

Die Bybel is by uitstek ’n boek wat oor ryk beeldetaal beskik (Cilliers, 2007:74):

In die Bybelse tekste sit daar inderdaad ’n rykdom van beelde of metafore opgesluit, beelde wat mense in hul diepste nood skilder, maar ook God metafories uit-beeld.

Cilliers is daarvan oortuig daarvan dat dit die taak van die prediker is om hierdie beelde in die Bybel te interpreteer of te vertaal in ’n moderne idioom wat tot die hedendaagse erediens-ganger spreek. Die Bybel praat in prente omdat die woorde prente skets. (Cilliers, 2007:74, 8.)

Die belang van estetika vir die gereformeerde erediens kan soos volg opgesom word (Cilliers, 2007:148-152): Estetika

- bevestig God se beeldmatige openbaring aan die mens;
- herinner die mens aan sy beeldmatige waarnemingsvermoë;
- sluit aan by die beeldrykheid van die Skrif;
- bevestig die belangrikheid van ’n beeldryke prediking, en
- verskaf orde en struktuur aan ’n beeldryke liturgie.

GEVAARTEKENS

Indien estetiese konsepte gelei word deur suiwer aardse of menslike gewens, met ander woorde wanneer dit eksklusief horisontaal gerig raak, kan dit tot wesenlike probleme in die kerk lei. Strydom (1994:233-245) wys op die gevare van so ’n “horisontaal-gerigte” estetika:

Dualistiese denke

Daar mag nie ’n prinsipiële skeiding tussen die erediens en die lewe daarbuite ontstaan nie. Sulke dualistiese denke kan in die erediens lei tot die skeiding van die totale menswees in ’n intellektuele en ’n emosionele sy, en die skeiding van inhoud en vorm, dit wil sê dit *wat* gesê word is belangriker as *hoe* dit gesê word. (Strydom, 1994:234-235.)

Kultuur-protestantisme

Daar moet daarteen gewaak word dat elitiese kultuurwaardes as norm in die erediens gestel word. Dit kan gebeur wanneer die ervaring van estetiese skoonheid gelykgestel word aan die aanbiddingservaring. Die teenoorgestelde kan ook gebeur: die sekulêre massakultuur kan dien as gietvorm vir tendense in die erediens. (Strydom, 1994:237-238.)

Pragmatisme

Die erediens word nie meer Bybels-teologies bedink nie, maar vanuit ’n humanistiese oogpunt: “to do what works” en “serving everyone”. Musiek word gebruik om ’n voorafbepaalde resultaat te verkry (Strydom, 1994:238.)

Verabsolutering van skoonheid

Strydom (1994:240) redeneer soos volg:

'n Liturgiese estetika wat 'n eensydige, simplistiese skoonheidsbeginsel handhaaf, sal lei tot 'n eredienspraktyk (ook wat die musiek en sang betref) wat altyd “mooi”, “hemels”, “subliem” wil wees; en “mooi”, op sy beurt, word maklik vereenselwig met “lekker” en “maklik”, met dit wat gerieflik is, die weg van die minste weerstand.

In só 'n eensydige estetika sal Christus se lyding aan die kruis en menslike pyn nie effektief in die erediens aangespreek kan word nie (Strydom, 1994:240). In sy artikel “The Ugly in Art”, wys Bachmetjevas (2007:29) op die wanpersepsie wat bestaan dat estetika net met skoonheid geassosieer word. Drie prominente filosowe (Rosenkranz, Bosanquet en Adorno) het egter in hul teorieë voorsiening gemaak vir die lelike in estetika.

Verhouding tussen kuns en godsdiens

Om 'n direkte verband tussen musiek en religie te tref, is onwenslik. Volgens Strydom maak 'n godsdienstige teks nie van 'n lied met banale of ongepaste musiek, sonder meer 'n kerklied nie, en kan musiek nie gebruik word om atmosfeer in die erediens te skep nie. (Daar moet eerder van musiek gebruik gemaak word wat beskik oor 'n spesifieke Woord- of evangeliese konnotasie)(1994:241, 243).

Ek dink laasgenoemde standpunt oor musiek en atmosfeer is effens verouderd en onrealisties, en Loader (2004:256-257) deel dieselfde oortuiging:

What moves humans and appeals to them, what stirs and thereby convinces – that is aesthetic and is neither structured in a different way nor functions differently in consciously religious contexts than in others. The essence of the Aesthetical does not mutate according to the circumstance of a particular subject happening to confess to religious contents or not.

Marina Strydom (2005:238) sluit hierby aan wanneer sy impliseer dat 'n sterk band bestaan tussen estetika en geloofservaring: Indien 'n lidmaat se estetiese ervaring van mooi musiek hom/haar nader aan God bring, maak dit nie saak of die musiek gewyd of sekulêr van aard is nie. Ons het deel aan God se skoonheid deur 'n deelname aan die estetiese (Evdokimov, 1990:10).

Myns insiens is die etiese aspek hier van uiterste belang. Die musiekleier het 'n belangrike taak om gepaste musiek te kies wat die erediensganger nader aan God bring en om nie na willekeur musiek te kies wat oor 'n populêre kwaliteit beskik bloot vir die onmiddellike genot van die erediensganger nie. Die balans is baie fyn en die musiekleier moet hom voortdurend afvra of die keuse van musiek die gewenste atmosfeer (wat die liturgiese handeling of spesifieke moment in die erediens onderstreep) teweegbring sonder sekulêre konnotasies wat juis daaraan afbreek doen.

'n Verdere probleem ontstaan met die gebruik van musiek met 'n spesifieke woord-assosiasie. Wat gemaak met liedere wat oor verskillende tekste beskik, byvoorbeeld *Valet will ich dir geben*, 'n melodie wat in die *Liedboek van die Kerk* vir vyf verskillende liedtekste gebruik word? Hoe weet die erediensganger watter teks die musiekleier in gedagte het wanneer hy/sy die melodie voorspeel? Verwys die musiek na die Godsvresende gelowige (Psalm 128), Paasfees (Lied 409), die sendingopdrag (Lied 485), die huwelik (Lied 535) of die nuwe aarde (Lied 590)?

Verheerliking van die kunstenaar

Die kreatiewe vonk van die kunstenaar kan nie altyd met die stem van die Heilige Gees vergelyk word nie. Indien wel, sou dit beteken dat die kerk enige lied (met 'n swak teks of melodie) in

die erediens moes gebruik, omdat “dit deur die Heilige Gees ingegee is”. Keuring op grond van musiek- of literatuurwetenskaplike norme word dan as wantroue in die werking van die Heilige Gees gesien. “Só kan sekulêre kitsch gesanksioneer word as liturgiese kuns” (Strydom, 1994:244). Die konsep “kitsch” kan ook verwys na die kerkkoor of orrelis wat deur hulle uitvoering eerder die aandag op hulle tegniese vermoëns wil vestig, as hulle dienende funksie in die erediens (Van der Merwe, 1995:9).

Aktualiteit

Wanneer die kerk haarself beskou as *in* die wêreld en nie *van* die wêreld nie, moet sy daarteen waak om nie irrelevant te word vir die postmoderne mens se estetiese beleving nie. Die kerk moet voortdurend poog om, met behoud van die Woord as fokuspunt, die liturgie in konteks te bring en dit aktueel te maak vir die erediensganger, anders bestaan die gevaar dat die erediens vervreemd kan raak van die werklikheid, en in wese irrelevant word vir die kerkganger.

VEREISTES

Die sinvolle en verantwoordbare integrasie van kuns en estetika in die erediens behoort aan sekere vereistes te voldoen:

Gepastheid

In die praktyk verwys hierdie begrip na die volgende:

- Die inkleding van die erediens moet esteties pas by wat die erediens in essensie is: ’n ontmoeting tussen God en sy verbondsvolk.
- Alle liturgiese gebeure en handeling moet gekenmerk word deur innerlike samehang.
- Die musiek moet pas by die bepaalde handeling wat dit vergesel op enige bepaalde tydstep in die erediens.
- Die liturgiese inhoud moet pas by die bepaalde feestyd of -dag van die kerklike jaar.
- Die liturgie moet aanpas by die aard en behoefte van die bepaalde gemeente. Die operasionele teologie wat in ’n kerkverband of spesifieke gemeente leef, moet grootliks die liturgiese handeling bepaal.

As uitgangspunt word veronderstel dat spiritualiteitstipes grootliks die karakter en inkleding van die erediens beïnvloed. Liturgiese kuns (met spesifieke verwysing na musiek) moet dus gepas wees vir die betrokke spiritualiteitstipe sodat dit ’n estetiese geheel vorm.

Eenvoud, nugterheid, matigheid en verstaanbaarheid

Strydom (1994:252) meen dat onderstaande begrippe die essensie van Calvinistiese estetika vorm:

- *Eenvoud*: Dit verwys na beskeidenheid en ongekunsteldheid in kontras met die ornamentele, weelderige en ingewikkelde.
- *Nugterheid*: Dit staan in kontras met sentimentaliteit, triomfalisme en sakraliteit.
- *Matigheid*: Dit staan teenoor oordadigheid, opgesmuktheid en bombasme.
- *Verstaanbaarheid*: Dit het te make met deursigtigheid en kommunikatiewe trefkrag.

Genuanseerdheid, subtiliteit, speelsheid

'n Kunswerk word veral gekenmerk deur 'n subtiel-suggererende kwaliteit. Dit is hierdie kwaliteit wat goeie kerkmusiek onderskei van kerklike kitsch. Die teenpool van hierdie kwaliteit kan beskryf word as “een-dimensioneel”s, “blatant” en “verbeeldingloos” – 'n situasie wat maklik in die liturgiese lewe van 'n gemeente kan ontstaan. Ten spyte van “'n verantwoordbare diensorde”, “dogmatiese suiwerheid” en “eg-‘gereformeerde’ kerksang”, kan die liturgie “verbeeldingloos”, “onbuigsaam”, “ongenuanseerd”, “koud” en “styf” wees in teenstelling met 'n erediens wat so “blatant spiritualisties” is dat dit “kunsmatig” voorkom. (Strydom, 1994:254.)

Eerlikheid

Christelike kuns dien die waarheid en doen die waarheid. Dit staan in kontras met kuns wat ingestel is op vertoon en skyn, waar die aandag op die kuns geplaas word in plaas van op God. (Strydom, 1994:255; Janse van Rensburg, 2006b:562; Van der Merwe, 2005:9.)

AFSLUITING

Estetika is belangrik vir die Afrikaanse gereformeerde erediens. Vir te lank het die gereformeerde kerke in die liturgie klem gelê op enkele fasette van die mens, terwyl die ander fasette afgeskeep en selfs geïgnoreer is. Gevolglik is die totale menswees in die erediens nie doeltreffend aangespreek nie.

Indien opregte estetiese beginsels, met die Skrif as maatstaf, toegepas word, kan die erediens op 'n verantwoordbare manier relevant gemaak word vir holistiese menswees in 'n post-moderne samelewing, en as 'n Bybels-gefundeerde norm wat die basis kan vorm van sinvolle erediensvernuwing.

Die erediens is 'n geïntegreerde kunswerk en in hierdie omvattende kunswerk funksioneer verskeie kunstebediensings afhanklik van mekaar om 'n estetiese geheel te vorm. Dit kan slegs gebeur wanneer kuns in die erediens nie gesien word as kuns met die uitsluitlike doel om die kunstenaar te verheerlik nie, maar as 'n geïnspireerde bediening tot opbou van die gemeente en verdieping van die geloof in 'n Drie-Enige God wat Hom by uitstek met sy kunswerk – die heelal en die mens – bemoei. Só word 'n ontmoeting met die estetiese God verklank in 'n estetiese eredienstkunswerk.

EINDNOTA

ⁱ Hierdie artikel berei die weg voor vir 'n opvolgartikel wat handel oor die estetiese ervaring van erediensofgangers na gelang van hulle individuele spiritualiteitstipes. Oor die algemeen is vier verskillende spiritualiteitstipes onderskeibaar: hartspiritualiteit (met die klem op die emosionele ervaring), kopspiritualiteit (met nadruk op die intellektuele of kognitiewe aspekte van die erediensofganger), handspiritualiteit (waarin die erediensofganger tot daadwerklike aksie na buite aangespoor word) en meditatiewe spiritualiteit (bepeinsing oor God se onbegryplike grootheid). Uit die aard van die saak sal die estetiese ervaring van enige erediensofganger grootliks bepaal word deur sy unieke spiritualiteitstipe. Inligtingsteorie, soos bespreek in die opvolgartikel, dien as nuttige hulpmiddel in die daarstelling van vereistes vir 'n estetiese ervaring van die erediens deur verskillende spiritualiteitstipes.

BIBLIOGRAFIE

- Bachmetjevas, V. 2007. The ugly in art. *Man and the world*, 9(4):29-34.
- Bowie, A. s.a. Philosophy of Music: Aesthetics: 1750-2000. *Grove Music Online*. Beskikbaar op <http://0-www.oxfordmusiconline.com.innopac.up.ac.za/subscriber/article/grove/music/52965pg2> [Besoek op 26 Junie 2011.]
- Cilliers, J.H. 1994. Prediking as resepsie-estetika: 'n verkenning. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 35(4):583-588.
- Cilliers, J.H. 2002. Prediking as spel: 'n homileties-estetiese perspektief op postmodernisme. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(1):1-28.
- Cilliers, J.H. 2004. Fides Quarens Imaginem. Estetika as uitbeelding van die publieke kerk: Liturgie op soek na beelde. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 19(1):1-18.
- Cilliers, J.H. 2007. *Binne die kring-dans van die kuns: Die betekenis van estetika vir die gereformeerde erediens*. Stellenbosch: Sun Press.
- Evdikomov, P. 1990. *The Art of the Icon: A Theology of Beauty*. California: Oakwood Publications.
- Grové, I. 2006. Sing juigend, sing 'n nuwe loflied – wie s'n? *Vir die Musiekleier*, 33:21-29.
- Janse van Rensburg, J. 2006a. Estetika in liturgiese konteks – 'n basisteoretiese diskoers. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, 47(3/4):547-557.
- Janse van Rensburg, J. 2006b. Kuns en liturgie – 'n praktykteoretiese refleksie op die estetika-diskoers. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, 47(3/4):558-570.
- Kennedy, M. 1996. *The Concise Dictionary of Music*. New York: Oxford University Press.
- Kloppers, E. 1997. *Liturgiese musiek as kommunikatiewe handeling in 'n postmoderne era*. Ongepubliseerde DTh-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.
- Kloppers, E. 2002. Die kreatiewe inrigting van die liturgie. *Vir die Musiekleier*, 29:12-18.
- Kloppers, E. 2003a. Die erediens as 'n omvattende kunswerk – as “Gesamtkunstwerk”. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, 44(1/2):80-88.
- Kloppers, E. 2003b. Musiekbediening? 'n Teologiese perspektief. *Vir die Musiekleier*, 30:11-19.
- Loader, J.A. 2004. Theologies as Symphonies: On (Biblical) Theologies and Aesthetics. *Old Testament Essays*, 17(2):252-266.
- McKee, E.A. 2003. Reformed Worship in the Sixteenth Century. In: Vischer, L. (ed.). *Christian Worship in Reformed Churches Past and Present*. Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.:3-31.
- Steyn, J. 2009. 'n Verkenningsgesprek oor die pad van aanbidding. *Vir die Musiekleier*, 26:7-12.
- Strydom, M. 2005. *Vyf dogters van Eva skilder 'n engel: Die gebruik van terapeutiese kuns in die uitlewing van spirituele identiteit by die jong volwasse vrou*. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Strydom, W.M.L. 1994. “Sing nuwe sange, nuutgebore” – *Liturgie en Lied*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- Van Blerk, M.E. 1994. *Afrikaanse verklarende musiekwoordeboek*. Kaapstad: Vlaeberg.
- Van der Merwe, J. 1995. “Kitsch” in die kerk? – oor vernuwing en vervlakking in ons kerkmusiek. *Vir die Musiekleier*, 34:7-16.
- Zich, O. 2009. Aesthetic and Artistic Evaluation. Part I. *Estetika*, 46(2):189-201.